Biografiese geskiedskrywing: ’n Rekenskap

In hierdie artikel – die teks van ’n lesing by die tweejaarlikse kongres van die Afrikaanse Letterkunde-Vereniging in September 2004 op Potchefstroom – gee die skrywer ’n vlugtige historiese en teoretiese oriëntering ten opsigte van die gebied van die literêre biografie as sodanig. Hy wys daarop dat die “sug na skinderstories” in die verlede die aanleiding was vir die siening van die biograaf as ’n soort superieure joernalis op soek na sensasie, geïgnoreer deur sowel sosiale historici wat geïnteresseerd was in groter probleme as literêre kritici wat gekonsentreer het op die gedrukte bladsy, met geen belangstelling in die mens agter die boek nie. Die koms van ’n nuwe soort lewensbeskrywing, gebaseer op die noukeurige bestudering van dokumente en die gebruik van ’n empiriese metode, het die status van biografiese geskiedskrywing verhoog. As gevolg van sekere faktore wat diep in die sosiale en kulturele geskiedenis van ons tyd verborge lê, het die lesende publiek meer geïnteresseerd begin raak in die lewens van skrywers, waarskynlik omdat die innerlike lewe van ’n worstelende indiwidu hulle net soveel aangegryp het as dié van ’n generaal op die slagveld. Na ’n oorsig oor die klein korpus literêre biografieë in Afrikaans beantwoord die skrywer die vraag waarom hy as biograaf werksaam is en waarom hy geskryf het oor die outeurs wat hom aangetrek het: almal sterk kreatiewe magte met intellektuele vermoëns en bowenal mense met ’n vlekkelose integriteit.

Tydskrif vir Letterkunde Vol. 43(1) 2006: 26-41